VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

24 Julie	**Pollie Charslund,** Wyk 12
27 Julie	**Hannes Lombaard,** Wyk 4
29 Julie	**Theo v d Merwe,** Wyk 5
29 Julie	**Jan de Vos,** Wyk 6
30 Julie	**Mietsie Harman,** Wyk 11

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

DRINGEND **DIAKONIE SE KOSKAS**

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.
Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 23 Sondag **24 Julie 2022**
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by erediens: Ouderling wyk 5 **Nelis Coetsee** en wyk 6 **Faans Steyn. Diakens:** Wyk 5 **Banie Nortjé** en Wyk 6 **vakant**
Met die oog op die gemeentevergadering ná die erediens, sal daar vanoggend geen tee wees nie.

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

Die laaste vergadering van die ouderlinge met die diakens het opdrag gegee dat die Woordbediening vandag aansluiting moet vind by die gemeentevergadering ná die erediens waartydens daar terugvoer oor die gemeente se finansies gegee sal word.

Ons sê baie dankie aan **Paul Schutte** en **Gert Kruger (jr)** wat verlede Sondag en ook vandag instaan vir **Magda en Theo** wat met verlof is. Ons is die Here dankbaar dat Hy die gemeente ryklik seën met kosbare gawes.

OGGEND Woordbediening: Markus 12: 38 - 13: 2.
Fokusverse: Markus 12: 41 - 44.
TEMA: ***Jesus, ons Hoëpriester, oordeel nie oor offers volgens die waarde van die offer nie, maar volgens dit wat prysgegee is om te offer.***
Sing vooraf: Psalm 66:1, 6.
Sing tydens die erediens: Psalm 107:1, 10; Psalm 50:7, 11; Psalm 40: 2, 3, 4; Psalm 116:1, 7, 9.

AAND Woordbediening: Psalm 51; Romeine 2.
Fokusverse: Romeine 2:28-29.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34b. →

TEMA: ***Christus laat deur die doop verkondig dat Hy ons deur sy Gees met sy bloed reinig van ons sonde en ons as kinders van God weergebore laat word.***

Sing vooraf: Psalm 19:6.

Sing tydens die erediens: Skrifberyming 25:1, 2, 3, 4 (Tema19-3); Psalm 51:1, 5; Skrifberyming 14:1, 2 (Tema 8-1); Skrifberyming 8:1, 2 (Tema 5-3).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Trans Oranje Instituut*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Nadat hy vroeër die week 'n allergiese reaksie op medikasie gehad het, is ons saam met Nico Malan dankbaar vir die goeie herstel wat hy die afgelope tyd kon geniet. Saam met hom en **Leoné** is ons dankbaar om te kan sien en beleef dat die Here wat ons dien, getrou is.

May Vorster kon eers Donderdag in Klerksdorp chemoterapie ontvang nadat haar witbloedseltelling vroeër die week te laag was. Dit is ons gebed dat ons hemelse Vader die behandeling wat May ontvang ryklik sal seën tot eer van sy naam en vir haar tot lewenskwaliteit. Dit is ook ons bede dat Hy in sy troue liefde May en André sal dra en krag en genade sal skenk.

Tjaart du Plessis op die oomblik nog in Multisorg Privaat Hospitaal aan en sal, nadat hy daar ontslaan word, in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan opgeneem word. Dit is ons gebed dat Tjaart en Ettie in hierdie onseker tyd in hulle lewens die troosvolle nabyheid en leiding van ons Here sal ervaar.

Ons is saam met **Magda Viljoen** dankbaar vir die beterskap wat sy alreeds ontvang het nádat sy verlede week met gordelroos gediagnoseer is. Mag u volkome genesing ontvang.

Ria Esterhuizen is Dinsdag uit die Potchefstroom Hospitaal ontslaan en sterk verder tuis aan nadat sy vir bloedddrukverwante komplikasies behandel is. Dit is ons gebed dat Ria lewenskrag en –kwaliteit van ons hemelse Vader sal ontvang.

Ons is saam met **Nelis en Dina Coetsee** dankbaar dat dit met hulle dogter in Nederland, Elsu Bakker, goed gaan en dat sy weer goeie gesondheid geniet nádat sy verlede week in 'n hospitaal daar opgeneem is. Alle toetse en skanderings het geen skade uitgewys nadat sy aan die een kant van haar liggaam verlamming getoon het nie.

Ons doen voorbidding vir **Mandie de Klerk** wat Maandag weer 'n opvolgondersoek deur die internis moet ondergaan vir lae HB vlakke en ook 'n verlaagde suurstof faktor.

Ons verseker **Henna en Lappies Labuschagne** ook van ons voorbidding vir hulle. Henna moet Maandag 'n afspraak met die spesialis nakom nadat sy 'n tydjie gelede 'n prosedure ondergaan het en 'n biopsie ook gedoen is.

Meegevoel
Ons maak met meegevoel bekend die afsterwe van emerituspredikant **Dr Petrus Kruger** op Maandag 18 Julie.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

			Sondag 31 Julie	**Sondag 14 Augustus**
Lesrooster:			Les 17	Les 18
Psalmvers:			Psalm 9: 7	Psalm 9: 7 (geheel)
Heidelbergse Kategismus:			Sondag 45A	Sondag 45B
Memoriseerwerk (Gr 1-2)			Eksodus 20: 6	Eksodus 20: 7
Katkisasie toesig:		Oudl Wyk 7: Graad 1- 2 Oudl Wyk 8: Graad 3-4		Oudl Wyk 11: Graad 5-6 Oudl Wyk 12: Graad 7
Wo	27/07	18:00	Hoërskoolkatkisasie	NGB Les 1

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 31 Julie** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op Pretoria FM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.

Dagboek

Ma	25/07		Sieke- en pastorale besoek	Volgens afsprake
Di	26/07	15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
		Aand	Huwelikskategese	
Wo	27/07	18:00	Katkisasie	Jeuglokaal
Do	28/07	Oggend	Huisbesoek	Volgens afsprake
		Aand	Huisbesoek	Volgens afsprake
Vr	29/07	Oggend	Huisbesoek	Volgens afsprake

Die Bybelstudie by Huis Eikelaan hervat weer Dinsdag.

Lidmate wat nog nie getekende POPI-vorms aan hulle ouderling/ kantoor deurgegee het nie, word vriendelik versoek om die nodige vorm(s) by die deure te neem en so gou as moontlik te voltooi en terug te besorg.

Lidmate word weer opgeroep om by te dra vir die karwagte in die houtbussies by die deure. Die reëling vir die karwagte is aangegaan met die veronderstelling dat die uitgawe gedelg sou word uit die lidmate se bydraes daarvoor.

Die volgende kursus word DV aangebied in die 3de kwartaal van 2022:

Evangeliseringspraktyk

Aangebied deur Prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom en finalejaar Teologiestudente

Plek: Kerksaal GK Potchefstroom. Tyd: 18:00 – 19:00

Dinsdag	2 Augustus	– Inligtingsvrae
Dinsdag	16 Augustus	– Leidende vrae
Dinsdag	23 Augustus	– Struikelblokke
Dinsdag	30 Augustus	– Dissipelmaking
Dinsdag	06 September	– Skepper – Gesprekke met ateïste
Dinsdag	13 September	– Verlosser – Gesprekke met kultes
Dinsdag	20 September	– Middelaar – Gesprekke met kultes
Dinsdag	27 September	– Sondaar – Gesprekke met Charismate

Alle lidmate is welkom. Laat weet asseblief vir Faans Steyn 084 402 9394 of Gerhard Willemse 073 227 4013 voor of op Maandag 1 Augustus of u die kursus wil bywoon.

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Vakante pos: IT-beampte
Departement: Fasiliteite
Sluitingsdatum: 2 Augustus 2022
Aanstellingsdatum: Soos ooreengekom
Verwysing: F/IT/2022

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) is 'n Christelike privaat tersiêre instelling, en sy kampus is in Montanapark te Pretoria geleë. Aros bied reeds meer as 'n dekade Reformatoriese opleiding in die veld van die Opvoedkunde. Aros is in 2012 geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en is by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer. Die instelling beskik oor 'n personeelkorps van ongeveer 110, bied tans opleiding aan ongeveer 2 100 studente en het oor die afgelope drie jaar 451 gegradueerdes gelewer.
In die lig van Aros se visie wat as uitnemende Christelike universiteit, gegrond op die Bybel, die samelewing tot eer van God wil vernuwe, nooi ons hoogs gemotiveerde persone wat hierdie visie deel om vir die pos aansoek te doen. **Besoek gerus ons webwerf vir meer inligting oor Aros by http://www.aros.ac.za**
Die aansoek en, waar enigsins moontlik, ook die ondersteunende dokumentasie moet in **Afrikaans** wees, aangesien dit die voertaal van Aros is en ook die taal waarin die posbekleër sy/haar werk by Aros sal verrig.
Die aansoek en ondersteunende dokumentasie moet voor of op **2 Augustus 2022** in **PDF-formaat** gestuur word aan: renate.murray@aros.ac.za.

DJ Stoop versamel penne. As u miskien 'n besonderse of 'n eksotiese pen het, soos 'n besonderse Parker of Shaefferpen en dit lê u skryftafel se laai vol, **DJ** sal dit graag by u oorneem. Sy selfoon nommer is 066 222 1145.

Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger

Huis Eikelaan SB 10,tel 082 699 6591, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.